**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 8 0 9 2 6 2 6 9 | 4 5 | 3 5 7 7 |

DIE BURGER Jg. 84 Nr. P. 2 Dat. 26 SEP 1998

TREFWOORDE
1
2 Maatskappye
3 Maseru
4 Lesotho
5 koste
6 ineenstorting
7 sentrale sake gebiede
8 huelvrae
9 versekering
10

# Kwaai stryd dreig met versekeraars oor skade

Herbert Pretorius

KAAPSTAD. – Te midde van die grootskaalse verwoesting in Lesotho die afgelope week, wat volgens sakelui al honderde miljoene rande beloop, lyk dit of 'n ewe fel stryd tussen die geteisterde ondernemings en hul versekeraars kan ontstaan.

Sakelui was gister nog onseker oor die presiese omvang van die skade, maar dié met wie Die Burger gesels het, het dit op R10 miljoen tot R50 miljoen geraam.

Mnr. André Labuschagné, besturende direkteur van Pep Stores, sê agt van dié groep se winkels is afgebrand en twee heeltemal geplunder.

"Net die skade aan die infrastruktuur en verlies aan voorraad beloop sowat R20 miljoen. Verlies aan inkomste is nog nie in berekening gebring nie," het hy gesê.

Frasers Trading Co., 'n groothandelaar, het nog erger deurgeloop en skade aan sy persele word op R50 miljoen geskat.

Volgens versekeringskenners wag selfs 'n groter skok op sakelui wat hoop om hul verliese gedeeltelik met versekeringspolisse te verhaal.

Mnr. Mike Strydom, hoof uitvoerende beampte van die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging vir Buitengewone Risiko's (Sasria), meen korttermynversekeraars dek nie die risiko's wat ondernemings in Lesotho geloop het nie.

"Aangesien dit 'n oorlogsituasie was, word die gevare daaraan verbonde as onversekerbare risiko's beskou. Die verliese val buite die arena van versekeraars."

Volgens sakelui het versekeraars nog nie uitsluitsel gegee oor dié kwessie nie, maar as hulle die geweldpleging in Lesotho wel as "oorlogsdade" en dus onversekerbaar beskou, sal dié besluit beveg word.

"Daar is hopeloos te veel onduidelikheid oor dié 'oorlog'. Eerstens is die Suider-Afrikaanse vredesmag gevra om Lesotho binne te kom en tweedens was die plundery vandalisme eerder as oorlogsdade," het mnr. Geoff Zeidel, 'n vennoot in Denkor Holdings wat verskeie winkelsentrums in Lesotho besit, gesê.

● Die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer (Sabek) wil 'n dringende vergadering met die Regering belê om die lot van Suid-Afrikaanse ondernemings in Lesotho te bespreek.

Volgens mnr. Bill Lacey, woordvoerder van Sabek, is sowat 90% van die sakebedrywighede in dorpe aangrensend tot Lesotho afhanklik van handel met die bergkoninkryk.